430.E2.28.5.1



# BARSKYK

10 Julie 1992
F VAN ZYL SLABBERT

Die Goree Instituut vir Demokrasie, Ontwikkeling en Kultuur in Afrika is gestig. Dit het formeel gebeur op 25 Junie 1992 op Goree Eiland en President Abdou Diouf van Senegal het die openingsrede gelewer en die sluier van die naambord gelig. Vyf jaar na die 'historiese Dakar vergadering' was dit die afloop - 'n vorige slawe eiland wat nou 'n instituu herberg waar mense vanuit enige land in Afrika, en natuurlik buite Afrika, kan besin oor dierdie kontinent se dilemmas op die gebied van politiek, ekonomie en kultuur.

Vir die openingsgeleentheid, wat kultuur betref, het Breyten 'n klomp digters van Europa en Afrika bymekaar gebring om oor 4-5 dae te dig, te lees en te gesels. Dit het hulle met oorgawe gedoen. Wat die politiek betref, was daar 'n daglank seminaar met 'eksperte' van Oos-Europa, Latyns Amerika, VSA en Afrika wat op vergelykenderwyse besin het oor politieke oorgang in verskillende lande en streke.

Phillippe Schmitter, 'n kenner van Latyns Amerika, het ingelei met 'n paar vergelykende opmerkings. Twee steek vas in die geheur omdat hulle toe so sterk laat dink het oor wat by die huis aan die gang is.

"Most transitions lead to disenchantment - they hover between "dicta-blande" (soft domination) and "democradura" (hard democracy). M.a.w. of 'n teruggryp na 'n nuwe vorm van minder brutale dominasie of na 'n stabilisering wat nie heeltemal demokraties is nie, maar na 'n regering wat sigself probeer legitimeer met 'n verbindtenis tot demokratiese waardes.

"All transitions lead to disenchantment". M.a.w. dit is onvermydelik dat verwagtings gefrustreer gaan word.

Met die aanland hier ter plaatse is dit onmiddelik duidelik hoe gepas hierdie twee veralgemenings vir ons eie situasie is. Ontnugtering en frustrasie staan wit op die land. Koerante kompiteer met mekaar in hulle klaagliedere en gekners van die tande. Daar is baie min pogings om nuwe harde nuus te soek of om groter sin te vind in die onmiddellike sensasie van alles wat aangaan. Huidiglik is Suid-Afrika 'n lui joernalis se droom - nuus hoef nie gesoek te word nie, dit spoel in golwe in van orals. Die moontlikheid dat 'n Suid-Afrikaanse agttal tawwetienies kan sak in 'n toets met 'vrede en demokrasie' op hulle lywe geplak, wys net hoe jolly dit gaan. En tog bly 'n paar dinge vir my nog net so duidelik as van die begin van ons oorgangs (as ons nou 2 Februarie 1990 gebruik as ons politieke Ad-BC.)

Een - Suid-Afrika is nie naastenby op die punt om 'n demokrasie te word nie, nog minder om in een te stort.

Twee - Hoe langer massa-aksie en protes duur, hoe duideliker is dit dat daar 'n magsvertoon en ingryping gaan wees en dit sal van die staat kom. M.a.w. massa-aksie is die mees ongeskikste instrument om oorgang tot 'n demokrasie te bewerkstellig.

Drie - Kompromie en bedinging is die enigste haalbare metode om oorgang aan die gang te hou; dit moet op leiersvlak geskied en dit moet uitloop op 'n vorm van tussentydse regering. So 'n verantwoordelikheid vir die administrasie van oorgang tussen die huidige regering en opponente wat deel het in die bedinging van kompromiee.

Vier - Hoe langer politieke opponente bedinging uitstel en mekaar probeer vliee afvang, hoe meer gaan 'n reeds wankelrige ekonomie geskaad word en hoe moeiliker gaan die daaropvolgende herkonstruksie wees.

Vyf - Die tydsduur van 'n tussentydse regering sal bepaal word deur hoe dit daarin slaag om sekere kardinale oorgangsdilemmas die hoof te bied, nl.

- die dilemma van <u>stabiliteit</u> : m.a.w. wat word van die staatsdiens se rol en veral die veiligheids dienste;

- die dilemma van <u>groei</u> : m.a.w. kan konsensus ontwikkel oor basiese ekonomiese beginsels wat groei kan stimuleer;

- die dilemma van <u>herverdeling</u> : m.a.w. kan konsensus ontwikkel oor ons prioriteite vir ontwikkeling en staatsbesteding;

- die dilemma van <u>legitimiteit</u> : m.a.w. kan konsensus ontwikkel oor die gepaste regeringsvorm en kiesstelsel vir die toekoms.

Stabiliteit, groei, verdeling en legitimiteit is die basiese waardes waaroor daar gestry word. As 'n haalbare kompromie tussen hulle beding kan word, het ons 'n kans vir 'n demokratiese bestel. So nie, sal ons aansukkel tussen 'n "dicta-blande" en 'n "democradura". Die huidige gekners van die tande en gehoer en remoer is maar net die koorsang van ons oorgangsdilemmas.

Een van die mal Hollandse digters wat op Goree kom help Instituut stig het, het laataand in 'n gloed van welsprekendheid laat hoor : "Maybe we all die, or we call the police". Tussen die onvermyddelikheid van die een, en die onwenslikheid van die ander, le die moontlikheid van 'n beter toekoms vir ons hier in Suid-Afrika.